



WAT SÊ DIE BYBEL VAN KLEINGROEPE?

Die eerste gemeentes was kleingroepe

Die sendinggemeentes wat Paulus en die ander apostels gestig het, was nie die makrogemeentes van vandag nie. Dit was huisgemeentes of kleingroepe – gelowiges het in huise bymekaargekom. Selfs die eerste gemeente in Jerusalem het daagliks by die tempel (die kerk) en in huise bymekaargekom. Lees in **Handelinge 2:43-47** meer hieroor.

Christus is die basis van ons kleingroepe

Die verskil tussen 'n kleingroep en 'n ander sosiale groep is dat Christus die basis van die verhouding bepaal. Christus is die fondament waarop die groep en gesprekke gebou word: **1 Korintiërs 3:9-11**. Kleingroepe is gelowiges wat bymekaarkom om oor hulle geloof, vreugdes, hartseer en probleme te praat, mekaar te bemoedig en vir mekaar te bid, sodat ons ambassadeurs van die evangelie van Christus in ons gemeenskappe kan wees.

Elkeen moet 'n bydrae lewer

Ons weet nie presies hoe die kleingroepe in die Bybelse tyd ingerig is nie, maar wat **1 Korintiërs 14:26** duidelik maak, is dat elkeen gewoonlik 'n bydrae gelewer het. Die belangrikste kriteria is dat die bydrae tot opbou van die kleingroep moet wees.

Ons moet mekaar met ons gawes bedien

In **1 Korintiërs 12** lees ons dat elkeen van ons afsonderlik van die Gees gawes ontvang het. Ons moet ander lede van die liggaam (die kleingroep) met ons gawes bedien. Die kleingroep is dus nie net op ons eie behoeftes gefokus nie, maar om mekaar te versterk en te bedien.



KLEINGROEPE IN TUINEDAL EN GEORGE-SUID

Twee of drie kom spontaan bymekaar

Ons gaan nie mense in kleingroepe indeel volgens 'n formele proses nie. Elke gelowige word aangemoedig om self 'n kleingroep te vorm. Ons wil ook oor gemeentegrense heen saamwerk – almal is dus welkom! Jesus leer ons in **Matteus 18:20** “Waar twee of drie in my Naam bymekaar is, daar is Ek by hulle.”

Hoekom juis nou 'n hernieude fokus op kleingroepe?

COVID-19 het ons manier van kerkwees radikaal kom beïnvloed. Kleingroepe is nog altyd deel van 'n gesonde geloofsgemeenskap. Ons doen dus nie iets nuut nie – ons keer juis na 'n meer intieme en Bybelse model van mekaar leer, ondersteun en bemoedig terug.

Materiaal en opleiding

Daar gaan weekliks in die kwartaal kleingroepmateriaal ('n 1-bladsy gesprek-handleiding) op die kerk se webblad geplaas word. Ons gaan ook een maal per kwartaal 'n opleidingsessie vir kleingroepleiers aanbied. Hou die bulletin en webblad vir meer inligting hieroor dop.

Ek is nuut in George – wat nou?

Alhoewel die kleingroepe 'n spontane proses is, is jy welkom om vir ds. Cor Swart (083 661 8420) of Mariné Heyns (072 148 0122) te kontak indien jy van 'n kleingroep wil deel wees en nie weet waar om te begin nie.

HANDLEIDING: KLEINGROEPE 101

STAP 1: BEGIN 'N KLEINGROEP



A: Wat is 'n kleingroep?

'n Kleingroep is enige twee of meer gelowiges wat bymekaarkom om mekaar se geloof te versterk. Die doel van 'n kleingroep is dat ons mekaar leer ken, saam in geloof en diensbaarheid in ons gemeenskap kan groei en mekaar in gebed dra. Dit is altyd jy +1 of meer ander partye. Dit kan ander gesinne, ander tydgenote of selfs vriende wees. As daar kinders is, sluit hulle in!

B: Hoe begin ek 'n kleingroep?

Jy kry een ander persoon, gesin of vriend om saam met jou 'n kleingroep te vorm. Dit hoef nie iemand in die gemeente te wees nie. Die enigste vereiste is dat hierdie 'n geloofsgroep is – die fokus is op 'n verdieping in jou geloofslawe! Verkieslik tussen 2-4 gesinne (nie te klein, maar ook nie te groot dat iemand kan verdwyn nie!)



C: Wat vra 'n kleingroep?

Kleingroepe moet een maal per week in die kwartaal bymekaarkom. Dit kan óf fisies aan huis wees om saam te kuier, óf dit kan aanlyn wees. Dit vra dus 'n weeklikse *commitment* van al die deelnemers.

D: Wanneer stop 'n kleingroep?

Dit hang van die groep af. Besluit wat vir julle werk – begin deur vir 'n kwartaal te *commit*. As dit werk, gaan aan! Anders begin 'n nuwe groep. Maar om mekaar werklik te leer ken en ook geloofsgroei te beleef, is die aanbeveling om ten minste vir 'n jaar lank bymekaar te kom.



STAP 2: KOM BYMEKAAR

E: Wie neem die leiding?

Elke kleingroep wys 'n leier aan om al die praktiese reëlings te koördineer – die leier volg met almal op oor beskikbaarheid en logistieke reëlings en doen ook die nodige voorbereiding vir die weeklikse onderwerp wat bespreek gaan word. Die leierskap kan ook roteer – dit hang van die groep af.



F: Hoe lank is 'n sessie?

Elke groep bepaal self wanneer en waar hulle bymekaarkom, asook die tyd en tydsduur. Dit neem gewoonlik tussen 1 en 2 ure om sinvolle gesprek-, gebed- en kuiertyd te hê. As daar kinders is, hou dit kort en kragtig!

G: Wat bespreek ons?

Daar gaan weekliks in die kwartaal kleingroepmateriaal ('n 1-bladsy gesprek-handleiding) op die kerk se webblad geplaas word. Hierdie is om die gesprek te help fasiliteer en kontinuïteit te verseker. Elke groep kan egter self besluit op relevante onderwerpe of bybelstudiemateriaal wat hulle wil gebruik.

H: Die belangrikheid van gebedsversoeke

Die doel van 'n kleingroep is dat ons mekaar leer ken, saam kan groei en mekaar in gebed kan dra. Deel van ons weeklikse ritme is dus dat ons tydens ons kleingroepbyeenkoms sal uitvind hoe dit gaan en dan aktief vir mekaar sal bid.





A: Begin by jouself

As leier van die groep, moet jy met jou eie geloofslewe moeite doen – maak seker dat jy voorbereid is vir die weeklikse kleingroepsessie.

B: Hoe berei jy voor?

Laai die materiaal van die kerk se webbladsy af (druk die bladsy uit as dit vir jou makliker is). Gaan kyk die video, lees die tekste en dink na oor die vrae. Dink oor hoe die tema vir elkeen in die groep van toepassing kan wees .

C: Hoe moet jy die sessie fasiliteer?

Gebruik die *one-pager* as jou riglyn. Volg eenvoudig die formaat. Sorg dat almal 'n beurt kry om vrae te beantwoord of hulle menings te gee.



D: Hoe wys ek die video?

Indien jou televisie YouTube het, wys dit op die televisie, AppleTV, Chromecast of op jou rekenaar. Jy kan dit ook op jou foon kyk – dus kan jy voor die sessie die YouTube-skakel van die video na almal aanstuur om vooraf by die huis te kyk.

E: Wat van saam eet?

Elke groep kan self besluit of hulle in hul weeklikse bymekaarkoms wil saam eet (net soos die eerste gemeentes waarvan ons bv. in 1 Korintiërs 11 lees wat aan huis saam nagmaal gevier het) of net saam koffie drink. Maar hou dit eenvoudig en prakties – hierdie is nie 'n uithang-geleentheid nie.



F: Versprei die gebedsversoeke

Neem eenvoudige notas van die gebedsversoeke vir die week. Versprei dit ná die sessie as herinnering aan almal (kan e-pos, SMS of WhatsApp wees).

G: Gee die ritme!

Jou belangrikste funksie is om seker te maak die groep weekliks in die kwartaal bymekaarkom. Maak dus seker dat daar weekliks 'n tyd, plek en kos-/koffiereël vasgemaak word.



H: As ek vashaak of daar is moeilike vrae...

Jou werk is nie om al die antwoorde te ken nie, maar om 'n veilige ruimte skep waar almal se geloof kan verdiep. Indien jy vrae het of wonder oor iets, kontak een van die predikante.

I: Dit moet lekker wees – vir die leier ook!

'n Kleingroep is 'n wonderlike verrykende ervaring – wees spontaan, wissel af wat julle doen of waar julle bymekaarkom – gaan stap 'n ent of hou die byeenkoms op die strand. Vir jou as leier moet dit nie 'n swaar las wees nie!

